***Mediavrystelling***

## *Suid-Afrika, 22 Junie 2018 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2018 aangekondig.*

**ROBUUSTE GROEI, GOED GEPOSISIONEER OM VERDERE GELEENTHEDE TE ONTGIN**

---

Naspers het vandag sy finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2018 aangekondig. Omset gemeet op die grondslag van ekonomiese belang (insluitend die proporsionele bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings) het jaar tot jaar met 38% tot VS$20,1mjd toegeneem. Kernwesensverdienste het met 72% tot VS$2,5mjd gestyg. Ondernemings buite Suid-Afrika het 84% van omset bygedra, teenoor 80% ’n jaar gelede.

“Ons het goeie vordering getoon, met sterk finansiële resultate vir die jaar. Groei in beide omset en handelswins het versnel,” sê Naspers se voorsitter, Koos Bekker. “Ons het voordeel getrek uit die groter skaal van die e-handelsondernemings en ’n positiewe bydrae deur Tencent. Videovermaak het bestendige resultate gelewer.”

Aangesien Naspers in meer as 120 lande en markte bedrywig is, het die groep beduidende blootstelling aan valuta-onbestendigheid. Naspers rapporteer in Amerikaanse dollar (VS$), wat beteken dat die ondernemings se prestasie in hul funksionele geldeenhede gekonsolideer word en dan na VS$ omgereken word. Waar toepaslik, word prestasie in die plaaslike munt, met uitsluiting van die impak van verkrygings en verkope, tussen hakies aangedui ná die ekwivalente prestasiesyfers wat ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) gerapporteer is.

Omset in die internetsegment, wat nou 79% van groepomset verteenwoordig (verlede jaar 73%), was 50% (51%) hoër op VS$15,9mjd. Handelswins het ook met 50% (56%) gestyg, hoofsaaklik danksy e-handel en Tencent se sterk resultate.

“Die geklassifiseerde advertensie-, besigheid-na-verbruiker (B2C)-, betalings- en kosafleweringsbesighede het almal wesenlike bydraes gelewer om omsetgroei in die e-handelsegment met 25% te laat versnel. Groter skaal het tot ’n 8% vermindering in hierdie segment se handelsverliese tot VS$673m gelei en bedryfsmarges het aansienlik verbeter,” sê Naspers se finansiële hoof, Basil Sgourdos. “Geklassifiseerde advertensies (letgo uitgesluit) het gedurende die jaar winsgewend geword en positiewe vrye kontantvloei gegenereer. Die bydrae deur ons winsgewende e-handelsbedrywighede is vir die eerste keer gelykstaande aan dié van die videovermaak-segment.”

Die groep het gedurende die jaar sy posisie in aanlynkosafleweringsdienste versterk deur altesaam VS$1,4mjd in Delivery Hero en Swiggy te belê. Die 2018-boekjaar was deurslaggewend in die transformasie van die betalingsbesigheid na ’n breër finteg-diensbesigheid en ons het altesaam VS$199m belê in Kreditech, ’n kredietgraderingsbesigheid, en Remitly, ’n tegnologie-gedrewe remisebesigheid.

Die makro-ekonomiese omgewing in Afrika suid van die Sahara is steeds swak en ons videovermaakbesigheid bly blootgestel aan toenemende mededinging van wêreldspelers. Desondanks het die segment bestendig presteer en net meer as 1m direk-na-huis (DTH)-intekenare en 520 000 digitale terrestriële televisie (DTT)-intekenare bygevoeg. Die totale intekenaarbasis in Afrika het op jaareinde op 13,5m huishoudings gestaan.

Videovermaak het omset van VS$3,7mjd gegenereer, ’n styging van 8%, terwyl bedryfswins met 29% (24%) tot VS$369m toegeneem het. Dit is ’n omkering van die negatiewe groeitendens. Die besigheid fokus steeds daarop om die intekenaarbasis uit te brei, asook om kostestrukture te optimeer en vir sy aanlyntoekoms te herbelê.

Ekwiteitsverantwoorde beleggings het VS$3,0mjd tot kernwesensverdienste bygedra, ’n styging van 45% vergeleke met die vorige jaar. Gekonsolideerde vrye kontantuitvloei het VS$242m bedra, wat beduidend beïnvloed is deur bedryfskapitaalbewegings, veral die hernuwing van die videovermaakbesigheid se voorafbetaalde inhoudregte. Ná die verkoop van Tencent-aandele het Naspers op jaareinde netto kontant van VS$8,2mjd gehad om toekomstige groeigeleenthede te befonds.

“In die komende jaar sal ons die sterk balansstaat gebruik om die groei van ons geklassifiseerde advertensie-, kosaflewerings- en finteg-ondernemings wêreldwyd te versnel, en ander groeigeleenthede aan te gryp wanneer hulle opduik,” sê Naspers se uitvoerende hoof, Bob van Dijk. “Ons sal voortgaan om die skaal van die e-handelsonderneming en videovermaakbesigheid in Afrika suid van die Sahara uit te brei en nader te bring aan winsgewendheid. Die fokus sal ook wees op innovasie, veral op die gebied van masjienleer,” het hy bygevoeg.

---

**Vir meer inligting, kontak:**

**Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge**
Telefoon: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

**Basil Sgourdos, Finansiële Hoof**
Telefoon: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

---

**BELANGRIKE INLIGTING**

Hierdie pervrystelling van resultate bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “kan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Weens hul aard behels vooruitskouende verklarings risiko en onsekerheid omdat sodanige verklarings met toekomstige gebeure en omstandighede verband hou en dit moet gevolglik met inbegrip van verskeie ander belangrike faktore evalueer word. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil.

Die sleutelfaktore wat tot gevolg kan hê dat ons werklike verdienstevertoning of prestasie wesenlik verskil van dié wat in vooruitskouende verklarings toeglig word, sluit onder andere in veranderings in IFRS en die interpretasies, toepassings en partyke wat daarmee gepaard gaan soos wat hul met die verlede, hede en toekoms verband hou; huidige en toekomstige verkrygings, veranderings aan plaaslike en internasionale besigheids- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; veranderings in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetgewende

omgewings, veranderings aan plaaslike en internasionale operasionele, sosiale, ekonomiese en politiese toestande; arbeidsontwrigtings en maatskaplike aksies asook die effek van beide bestaande en toekomstige wetgewing. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed.

Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie. Ons kan nie waarborge verskaf dat vooruitskouende verklarings uiteindelik korrek sal wees nie en beleggers word gemaan om nie uitermate steun te plaas op enige vooruitskouende verklarings hierin vervat nie.

- END -